Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2020

ÉcoleBooks

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

**PUNTE:** **70**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 37 bladsye.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die vrae oor die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae aandagtig deur en kies die vrae wat jy wil beantwoord.

2. Gebruik die inhoudsopgawe om jou met jou keuses te help.

3. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:

   AFDELING A: Roman (35)
   AFDELING B: Drama (35)
   AFDELING C: Kortverhale (35)
   Beantwoord die vrae oor albei kortverhale.
   AFDELING D: Gedigte (35)
   Beantwoord die vrae oor albei gedigte.

4. Lees die inhoudsopgawe op bladsy 3 en dui die vraagnommers van die TWEE letterkundetekste wat julle in die klas behandel het, aan.

5. Beantwoord TWEE vrae: EEN vraag uit elkeen van die TWEE afdelings wat julle behandel het.

   AFDELING A: ROMAN
   Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

   AFDELING C: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.

   AFDELING D: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.

   Gebruik die kontrolelys op bladsy 4 om jou te help.

6. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

9. Voorgestelde tydsindeling: Ongeveer 60 minute per afdeling/vraag.

10. Skryf netjies en leesbaar.



ÉcoleBooks
DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **AFDELING A: ROMAN** | | | | |
| **Beantwoord slegs EEN vraag.** | | | | |
| **VRAAGNOMMER** | | | **PUNTE** | **BLADSY NR.** |
| VRAAG 1: | *Kringe in 'n Bos* | Kontekstuele vraag | 35 | **5** |
| | **OF** | | | |
| VRAAG 2: | *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom* | Kontekstuele vraag | 35 | **8** |
| | **OF** | | | |
| VRAAG 3: | *Meeulanders* | Kontekstuele vraag | 35 | **11** |
| | **OF** | | | |
| VRAAG 4: | *Lien se Lankstaanskoene* | Kontekstuele vraag | 35 | **14** |
| **AFDELING B: DRAMA** | | | | |
| **Beantwoord slegs EEN vraag.** | | | | |
| VRAAG 5: | *Poppie – Die Drama* | Kontekstuele vraag | 35 | **18** |
| | **OF** | | | |
| VRAAG 6: | *Paljas* | Kontekstuele vraag | 35 | **22** |
| | **OF** | | | |
| VRAAG 7: | *Fiela se kind – Die Drama* | Kontekstuele vraag | 35 | **26** |
| **AFDELING C: KORTVERHALE** | | | | |
| **Beantwoord die vrae oor ALBEI kortverhale.** | | | | |
| VRAAG 8.1: | "Vegvlieënier Vivian" | Kontekstuele vraag | 18 | **30** |
| | **EN** | | | |
| VRAAG 8.2: | "Die ballade van Robbie de Wee" | Kontekstuele vraag | 17 | **32** |
| **AFDELING D: GEDIGTE** | | | | |
| **Beantwoord die vrae oor ALBEI gedigte.** | | | | |
| VRAAG 9.1 | "Palimpses" | Kontekstuele vraag | 18 | **34** |
| | **EN** | | | |
| VRAAG 9.2 | "Die nuwe kind" | Kontekstuele vraag | 17 | **36** |



EcoleBooks

## KONTROLELYS

**Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.**

**LET WEL:** Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het.

| **AFDELING** | | **VRAAGNOMMERS** | **VRAE BEANTWOORD** | **DUI AAN (√)** |
|---|---|---|---|---|
| A | Roman | 1–4 | 1 | |
| | | **OF** | | |
| B | Drama | 5–7 | 1 | |
| | | **OF** | | |
| C | Kortverhale | 8 | 1 (2 kortverhale) | |
| | | **OF** | | |
| D | Gedigte | 9 | 1 (2 gedigte) | |
| | | | | |



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

### VRAAG 1: *KRINGE IN ’N BOS* – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS A**

En Jozef het Freek Terblans laat weet om Oupoot te kom skiet. Freek, ’n man wat menige olifant met een stuk lood inmekaar laat kniel het. Wat die tande uitgekap het en tussen die hout op sy wa versteek het om dit vir ’n flenter van ’n prys op die dorp te loop verkwansel. ’n Man wat nie aan ’n hart- of breinskoot glo nie, maar wat van die sykant af skiet om die massiewe rug teen die blaaie te vergruis.

Dit was toe dat hy gesweer het dat Freek Terblans Oupoot nie sou skiet nie. Terblans se byle sou nie daardie tande uit hul kasse kap nie. Nee. Saul Barnard sou Oupoot skiet. Hy was dit aan Oupoot verskuldig om hom die vernedering te spaar om voor Terblans se geweer te kniel.

Hy had nie ’n keuse nie. Dié allerlaaste taak moes hy op homself neem. Hulle het Oupoot gehaat soos hulle hóm haat, en pleit om genade sou nie help nie.

1.1 1.1.1 Waarom het die Bosmense nooit die woord “olifant” gebruik nie? (1)

ÉcoleBooks

1.1.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Bogenoemde antwoord by (1.1.1) bewys dat die Bosmense baie (bygelowig/slim) was. (1)

1.2 “En Jozef het Freek Terblans laat weet om Oupoot te kom skiet.” (Reël 1)

1.2.1 Waarom wou Jozef vir Oupoot laat doodmaak? (1)

1.2.2 Hoe het Saul uitgevind dat Jozef vir Oupoot wou laat skiet? (1)

1.3 Oupoot het altyd saam met ’n trop beweeg.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.4 Oupoot se dood was tog voordelig vir Saul en Jozef se verhouding. Waarom sou jy so sê? (1)

1.5 Waarom kan ’n mens aanvaar dat Freek Terblans nie na Saul sou geluister het indien Saul hom sou vra om Oupoot te spaar nie? Gee TWEE feite. (2)

1.6 Waarom het Saul besluit om Oupoot se tande te begrawe? (1)

1.7 Skryf die VIER gebeure in Saul se lewe in die korrekte VOLGORDE neer:

A Saul sien vir MacDonald vir die eerste keer.
B Saul word 'n delwer in die Bos.
C Saul verlaat die Bos vir die eerste keer.
D Kate se besoeke aan Saul op Sondae word gestaak. (4)

1.8 Die volgende gebeure het 'n rol in Saul se lewe gespeel. Kies die gebeure uit KOLOM B wat VOORAF plaasgevind het om by die gebeure in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.8.1–1.8.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.8.1 Saul wil die Bos finaal verlaat. | A Saul hoor Arend is dood. |
| 1.8.2 Saul gooi MacDonald met 'n kluit. | B Oupoot is doodgeskiet. |
| 1.8.3 Saul gaan werk vir MacDonald. | C Saul verlaat die Bos vir die eerste keer. |
| 1.8.4 Joram sterwe. | D 'n Boom val op Joram. |
| | E Saul word weggejaag. |

(4 x 1) (4)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

"Miskien verbeel ek my Maska, maar elke keer as dinge met my gebeur, is Oupoot iewers in my pad. Die eerste keer was toe Ma weg is. Tussenin elke keer as ek in die moeilikheid was. Vroeër vanaand het ek hom op pad Meulbos toe gekry. Die wind was teen my, hy het my gesien en net daar gestaan."
Maska het hom aangestaar asof dit die eerste keer is dat hy hom sien.
"Dan is dit so," het hy verslae gesê.
"Wat?"
"Lat hy jou dophou. Lat jy sy broer is. Lat jy die grootman van die Bos se broer is. Ek sal môre met Jozef praat omlat hulle jou so beoordeel omlat jy tussen vreemdes loop staan het en jou eie verraai het."
"Ek het niemand verraai nie, Maska!"
"Oupoot sou nie 'n verraaier vir sy mens-broer gevat het nie. Dan sou hy jou lankal getrap het, baas Saul."

1.9 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die gesprek tussen Saul en Maska in bogenoemde uittreksel eindig (gespanne/ontspanne). (1)

1.10 Die rede waarom Saul vir Oupoot agtervolg het, is ironies. Waarom is hierdie stelling waar? (1)

Kopiereg voorbehou 

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



1.11 1.11.1 Watter insident het daartoe gelei dat Saul, as jong seun, die Bos verlaat het? (1)

1.11.2 Noem TWEE ander insidente wat vroeër plaasgevind het wat daartoe gelei het dat Saul tóé alreeds die grootmense in die Bos bevraagteken het. (2)

1.11.3 Dink jy dis reg dat Saul sy pa se bevele bevraagteken het tydens die afkap van die kalander? Motiveer jou antwoord. (1)

1.12 Wat, dink jy, wou Saul veral aan sy pa bewys het nadat hy die Bos op ’n jong ouderdom verlaat het? (1)

1.13 “ ... is Oupoot iewers in my pad.” (Reël 2)

Oupoot was deurentyd naby Saul, maar hy het nooit probeer om hom af te skud of aan te val nie. Wat sou die redes hiervoor wees? Gee DRIE feite. (3)

1.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.14) neer.

Toe die Bosmense gevang is omdat hulle olifanttande verkoop, het hulle Saul ’n ... genoem.

A weggejaagde
B opstandeling
C spioen
D verraaier (1)

ÉcoleBooks

1.15 Oupoot word “grootman van die Bos” (reël 9) genoem. Waarom is hierdie stelling waar? (1)

1.16 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Volgens Maska was Saul Oupoot se (geliefkoosde jagter/mens-broer). (1)

1.17 Hoe het Saul geweet dat Oupoot om sy skerm was die keer toe Saul baie siek was? (1)

1.18 Waarom sou jy sê dat Oupoot die regte persoon gekies het om sy “vertroueling” te wees? Verwys na Saul se karakter. (1)

1.19 “ ... baas Saul.” (Reël 14)

Waarom voel jy dis gepas dat Maska vir Saul as “baas” aanspreek? (1)

1.20 Hoe verskil Oupoot en Josef se optredes teenoor Saul van mekaar toe almal teen Saul gedraai het? Onthou om beide kante te noem. (2)
**[35]**

**VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

Dis nie ’n vakansie nie,” kreun Yann vroegoggend terwyl hy ’n beker koffie langs die koolstoof afsluk. “Dis ’n strafkamp! Dis soos die army.”

“Wat weet jy van die army?” grinnik Beyers. “Wees dankbaar jy woon in ’n land waar laaities soos jy nie meer diensplig hoef te doen nie. Toe ek jonk was ...”

“Ek weet, ek weet,” brom Yann. “Toe jy jonk was, moes jy jou land gaan verdedig teen kommunisme en terroriste en allerhande ander -iste.”

“Wel, ék is dankbaar my seun hoef nie ’n soldaat te word nie,” sê Mana en gee vir my ook ’n beker koffie aan.

“Ek sou nie omgegee het nie,” sê Tibo met ’n uitgerekte gaap terwyl hy ’n anorak oor sy Batman-pajamapak toerits. “Ek hou van kamoefleerklere.”

Mana gee hom ’n skewe kyk. Hy dink seker om ’n soldaat te wees is soos om met sy Action Men te speel. Ek wonder of ek hom moet waarsku dat ’n soldaat nie veronderstel is om ’n aandrok met blinkertjies te dra nie. Maar ek is nog te deur die slaap om skoor te soek.

2.1 2.1.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die atmosfeer soos aan die begin van hierdie uittreksel uitgedruk, is (opgewek/neerdrukkend). (1)

EcoleBooks

2.1.2 Gee DRIE feite wat tot bogenoemde atmosfeer bygedra het. (3)

2.2 Hoekom, dink jy, beskou Yann die vakansie as ’n strafkamp? Gee TWEE feite. (2)

2.3 Wat is Tibo se ironiese siening van die army? (1)

2.4 “Wel, ék is dankbaar my seun hoef nie ’n soldaat te word nie”. (Reël 8)

2.4.1 Waarom is bogenoemde woorde ’n feit in die Suid-Afrikaanse opset? (1)

2.4.2 Hoe het Mana en ander ma’s se sienings oor die tradisionele rolle van seuns verskil? Onthou om ALBEI kante te noem. (2)

2.4.3 Hoe het Mana haarself verder as ’n eksentrieke ma bewys? Gee DRIE feite. (3)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



2.4.4 Waarom sou jy saamstem dat Mana se gesin wel in ’n figuurlike oorlog betrokke was? (1)

2.4.5 Hoe het Mana besluit om hierdie “oorlog” te wen? (1)

2.4.6 Waarom weet jy dit is waar dat die vakansiehuis ’n groot rol gespeel het in Mana se oorlogstrategie? Gee TWEE feite. (2)

2.5 Hanna is glad nie heeltemal onskuldig aan die wrywing in die gesin nie. Haal ’n sin uit die uittreksel aan om dit te bewys (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS D**

Ek het gedog ’n gedig sou makliker as ’n speurverhaal wees. ’n Gedig het nie ’n spannende storielyn of ’n geloofwaardige ontknoping nodig nie. Net woorde.

Nou weet ek van beter.

Die bom bars oor middagete. Ek sit ewe niksvermoedende langs die kombuistafel en kou aan ’n gebakte aartappel, dankbaar dat ek nie weer sop hoef te sluk nie, toe Amos iets agter sy hand vir Tibo fluister. Die volgende oomblik proes hulle saam van die lag. En iets aan die manier waarop hulle na my loer, laat my lont ruik.

“Wat’s so snaaks?”

*“Dis die aartappel in my mond,”* gie-gie Amos.

“*Dis die hond op die grond,”* giggel Tibo.

“*Dis al!”* roep hulle saam uit en val amper vooroor in hulle borde soos hulle lag.

My kop ruk regop. Ek vóél hoe my gesig wit word. Hoe die bloed uit my vel gesuig word deur ’n verskriklike woede.

2.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.6) neer.

Hierdie uittreksel stel Hanna aan ons as ’n ... bekend.

A realis
B dromer
C analis
D optimis (1)

2.7 Wat het Hanna besluit sou die naam van haar verhaal wees? (1)

2.8 Hoekom was dit vir Hanna, met haar skryftalent, voordelig dat Beyers tot die gesin toegetree het? Gee TWEE feite oor Beyers. (2)

2.9 2.9.1 Noem die positiewe tekens in die gesinsverhoudings soos deur die uittreksel uitgebeeld. (1)

2.9.2 Waarom sou jy sê dat die uittreksel ook ’n terugslag vir Hanna se selfvertroue in haar skryftalent uitbeeld? (1)

2.9.3 Sou jy ook hier soos Hanna gevoel het? Motiveer jou antwoord. (1)

2.9.4 Hoe wou Hanna vir Tibo en Amos dwing om waardering vir haar gedigte te hê? (1)

2.9.5 Hoe gee Yann wel later erkenning aan Hanna se skryftalent? (1)

2.10 Die volgende gebeure hou verband met besluite wat Mana geneem het wat die hele gesin beïnvloed het. Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

A Na Mana se troue met Beyers, trek hulle na ’n groter huis.
B Mana besluit op ’n wittebrood op Botterberg.
C Uit Mana se verhouding met Gavin word Hanna gebore.
D Mana besluit om ’n proefbuisbaba te kry. (4)

2.11 Die volgende gebeure het ’n rol in Hanna se lewe gespeel. Kies die gebeure uit KOLOM B wat VOORAF plaasgevind het om by die gebeure in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.11.1–2.11.4) neer.

ÉcoleBooks

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.11.1 | Hanna se siening van Margot het heeltemal verander. | A | Sharon se aankoms op Botterberg |
| 2.11.2 | Hanna neem die finale besluit oor die titel van haar boek. | B | Die geboorte van Ditjie |
| 2.11.3 | Hanna begin skaam voel. | C | Gavin se aankoms op Botterberg |
| 2.11.4 | Hanna begin jaloers voel. | D | Gavin vermaak die gesin op Botterberg |
| | | E | Margot se aankoms op Botterberg |

(4 x 1) (4)
**[35]**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS E**

Hulle is terug kombuis toe. Ryna het gebukkend by die tafel gestaan. Sy was besig om mond-tot-mond asemhaling op die ou babatjie toe te pas. Sy't orent gekom. Ag nee! Ag ... Here, nee! Sy't die kind opgetel en hartverskeurend begin huil. Sy't na Jacob gekyk waar hy by die deur vasgenael bly staan het en haar oë het van die ergste vertel. "Jacob ... "

Hy't die kind uit haar arms geneem. Hy het die kombersie van die koppie afgetrek en wanhopig na die stil gesiggie gekyk. En sy oor teen die mondjie gedruk en sy kop geskud.

En toe het Kinnie se kind 'n skree-geluidjie in die bruin sak gegee.

Daar was meteens 'n heilige stilte tussen die drie mense in die kombuis op Meeuland.

*Ons het woordeloos na mekaar gekyk. Jacob en Jannerik en ek. En die een het geweet wat die ander dink. Ons het kontrak geteken sonder pen of papier. En ons het mekaar belowe dat geen mens ooit sou weet nie.*

3.1 Na wie se kind verwys reël 3? (1)

3.2 Wat het met die kind gebeur wat Jacob só "wanhopig na die stil gesiggie" laat kyk het? (1)

3.3 Wat het Jacob, Jannerik en Ryna hierna met dié baba gemaak? (1)

3.4 Verduidelik kortliks hoe Kinnie se kind op Meeuland beland het. Gee DRIE feite. (3)

3.5 "En die een het geweet wat die ander dink." (Reël 12–13)

3.5.1 Waaraan het hierdie drie karakters instinktief gedink? (1)

3.5.2 Stem jy saam met die besluit wat hulle hier neem? Motiveer jou antwoord. (1)

3.5.3 Waarom het Ryna uiteindelik die ooreenkoms tussen hulle verbreek? (1)

3.6 Waarom word reëls 12–14 kursief gedruk? (1)

3.7 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.7) neer.

Jannerik het gevoel dat Janka se CB-naam Pikkewyntjie moet wees omdat ...

A daar baie pikkewyne op Meeuland was toe Janka gebore is.
B Jannerik baie van pikkewyne gehou het.
C Janka lekker gelag het toe sy die eerste keer 'n pikkewyn gesien het wat sy vlerke flap.
D "pikkewyn" die eerste woord was wat sy kon sê. (1)

3.8 Hoe voel jy oor die feit dat Elsabet ’n paar maande na Janka se geboorte vir amper twee weke sonder haar baba Salamanderbaai toe gegaan het? Motiveer jou antwoord. (1)

3.9 Hoekom het Elsabet later permanent sonder Jacob op Salamanderbaai gaan woon? Gee TWEE feite. (2)

3.10 Toe Fred met Elsabet wou trou, het hy aan haar gesê dat hy Janka soos sy eie kind sou grootmaak. Wat is ironies omtrent hierdie woorde van hom? (1)

3.11 Jannerik het al die goed wat in Kinnie se trommeltjie was, weggegooi. Bewys dat hierdie stelling ONWAAR is. (1)

3.12 Waarom stem jy saam dat Ryna se besoek aan Meeuland die beste besluit vir haar was? Gee TWEE feite. (2)

**EN**

**TEKS F**

Ryna bly op ’n afstand staan en kyk hoedat dokter Thomas met Janka werk. Hy prik met ’n naald liggies op die linkerbeen, dan onder haar knie, maar sy lê en speel onverstoord met Pikkie-Dikkie.

“Probeer vir ons jou toontjies roer.”

Sy probeer. Dit help nie. “My voetjies slaap nog.”

Dokter Thomas bekyk vir Pikkie-Dikkie, neem dit speels by haar en laat hom haar voetjies pik, pik, pik. Sy geniet die spelery en lag. Maar haar voetjies bly roerloos lê.

“Jy moet vir my sê wanneer jou voetjies wakker word, hoor?”

***

Hulle loop deur die lang gang en hulle kom by Janka se kamer. ’n Opgewonde juffrou Blom staan in die deur en beduie vir hulle om saggies te kom loer. Hulle kyk oor die juffrou se skouer. En daar, in haar bedjie, lê Janka met Pikkie-Dikkie onder by haar voetjies, buite bereik. Hulle sien hoedat sy met intense inspanning probeer om vir Pikkie-Dikkie met haar voetjies nader te skraap. Hulle hoor haar praat: “Kom, Pikkie-Dikkie, ons gaan tee en koekies kry.

3.13 Om watter rede was Janka Oukersaand op die jettie? (1)

3.14 Waarom het dit wat met Janka op die jettie gebeur het, jou redelik ontstel? (1)

3.15 “Hulle sien hoedat sy met intense inspanning probeer om vir Pikkie-Dikkie met haar voetjies nader te skraap.” (Reël 13–15)

Wat sê hierdie woorde van Janka se karakter? (1)

3.16 Toe Janka die hospitaal verlaat het, kon sy weer reg loop. Bewys dat hierdie stelling ONWAAR is. (1)

3.17 Wie is die “hulle” in reël 12? Noem die TWEE karakters se name. (2)

3.18 Waarom wou Ryna nie hê die Blanckenbergs moes uitvind van die gebeure rondom die geboorte van Janka nie? (1)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



3.19 Hoe het Jacob en Skalla verskil in terme van die manier hoe hulle hul geld verdien het? Onthou om ALBEI kante te noem. (2)

3.20 Die volgende gebeure hou verband met Ryna.

Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

A Ryna beland in 'n kliniek na die dood van haar gesin.
B Janka word gebore.
C Jacob is verras toe hy uitvind dis 'n vrou wat vir navorsing Meeuland toe kom.
D Skalla word doodgeskiet. (4)

3.21 Die volgende gebeure het 'n rol in Ryna se lewe gespeel. Kies die gebeure uit KOLOM B wat VOORAF plaasgevind het om by die gebeure in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (3.21.1–3.21.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.21.1 | Ryna bevind haar in die Silkwood-kliniek. | A | Ryna sien vir Daniël wat nes haar seun lyk. |
| 3.21.2 | Ryna bevind haar in die Karl Bremer hospitaal. | B | Die dood van Ronnie en sy seun. |
| 3.21.3 | Ryna raak lighoofdig. | C | Ryna moet navorsing oor seevoëls gaan doen. |
| 3.21.4 | Ryna bevind haar op Meeuland. | D | Skalla word doodgeskiet. |
| | | E | Janka word raakgeskiet. |

(4 x 1) (4)
**[35]**

**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE – Derick van der Walt***

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS G**

Lien haal haar voorskoot stadig af en hang dit aan ’n haak sonder om haar oë van tant Malie af te haal. Sy dink aan die lysie met kruideniersware wat in haar sak is. Sy dink aan die brug in Praag en die sonstrale op die Džuban-meer wat sy op die Internet gesien het. Sy en die tannie kyk mekaar nog vas in die oë.
“Ek kom nie weer terug nie,” sê sy uiteindelik sag. “Ek sal Tannie se geld bring wanneer ek dit het.”
Terwyl sy huis toe loop, onthou sy dat sy nog vir Braam ’n botteltjie Marmite vir sy skooltoebroodjies wou gekoop het.

Haar ma se deur is toegetrek toe sy by die huis kom. Dit beteken sy lê en slaap en sy moet geel van die werk af gekom het. Hoe dit werk, kon Lien nog nie uitgewerk kry nie. Haar ma moet iewers ná werk vir ’n ruk stop, maar waar? Sy sal tog nie by die werk ...
Sy skraap moed bymekaar om tannie Bets se pot terug te vat. Sy voel die slegste oor tannie Bets wat vir haar die werk by die Garden of Evil gekry het.

4.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

“en hang dit aan ’n haak sonder om haar oë van tant Malie af te haal.” (Reël 1–2)

ÉcoleBooks

4.1.1 Die atmosfeer tussen tant Malie en Lien soos hierbo beskryf, is (gespanne/ontspanne). (1)

4.1.2 Wat was die direkte oorsaak van bogenoemde atmosfeer? (1)

4.1.3 Hoe verskil Lien en Agnes se reaksies van mekaar oor tant Malie se strafmaatreël? Onthou om ALBEI kante te noem. (2)

4.1.4 Stem jy saam met Lien se besluit om die werk te los nadat tant Malie haar gedreig het? Motiveer jou antwoord. (1)

4.2 “Ek sal Tannie se geld bring wanneer ek dit het.” (Reël 5–6)

4.2.1 Watter omstandighede het Lien gedwing om hierdie werk by tant Malie te aanvaar? Gee DRIE feite. (3)

4.2.2 Gee TWEE bewyse dat Lien haarself wel in ’n posisie geplaas het om haar belofte aan tant Malie na te kom. (2)

4.2.3 Hoe het ’n idee vir ’n ekstra inkomste eendag by die skool by Lien posgevat? Gee TWEE feite. (2)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



4.3 Waarom sou jy sê dat tannie Bets 'n goeie voorbeeld is van hoe 'n mens vir jou naaste moet omgee? Gee TWEE feite. (2)

4.4 "Sy dink aan die brug in Praag en ... " (Reël 3)

4.4.1 Hoe sluit bogenoemde reël by Lien se toekomsdrome aan? (1)

4.4.2 Noem EEN slim ding wat Lien in die tussentyd gedoen het om hierdie toekomsdrome waar te maak. (1)

4.4.3 Waarom, dink jy, het sy glad nie belanggestel in haar pa se beroepskeuse vir haar nie? (1)

4.4.4 Hoe het die rol van Weird Maria tot haar uiteindelike keuse van naskoolse studies bygedra? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS H**

"Hoekom speel Ma nooit meer nie?" Haar ma sê niks nie. Slukkie. As haar ma dan nie meer wil speel nie, *big deal,* dan sal sy wat Lien is, speel. Sy storm eetkamer toe en pluk die klavier se deksel oop. Die klavierstoeltjie maak 'n skreeugeluid terwyl sy dit hardhandig agtertoe skuif. Sy kan nog die "Blou Donau" so effens onthou, haar *claim to fame* uit haar laerskooldae toe haar ma nog gehoop het sy of Braam gaan in haar musiekvoetspore volg. Sy sukkel om die note te onthou, maar speel so hard as wat sy kan, tráp die pedaal. Die wysie dreun vals-vals deur die huis. Sy hoop oom Van Aswegen verstik langsaan in sy Castle daar waar hy voor die televisie sit en rugby kyk. Sy klap die klavier weer toe en sit 'n rukkie doodstil op die stoeltjie. Sy hoor haar ma se slaapkamerdeur word op knip getrek. Sy stap lusteloos na haar kamer en haal haar Wiskunde-boek uit haar tas. Sy kyk na die plastiekomslag wat al beter dae geken het. Hoeveel moedelose mense het al oor die jare dié *book of horrors* in hulle hande vasgehou, wonder sy. Sy het regtig nie krag vir 'n klomp meetkundestellings nie. Sy gooi die boek onder die bed in en sy weet sy gaan haar Maandagmôre dood soek daarna.

4.5 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die woord "slukkie" (reël 1) simboliseer Christien Jooste se (drankprobleem/skuldgevoel). (1)

4.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.6) neer.

Volgens die uittreksel was Lien sommer omgekrap toe sy hulle woonstel binnestap. Volgens jou voel Lien so, want sy sien ...

A haar ma is besig om rustig te drink.
B haar ma het weer nie gekook nie.
C haar broer is besig om video's te kyk.
D haar broer is nog nie by die huis nie. (1)

4.7 "Hoekom speel Ma nooit meer nie?" (Reël 1)

4.7.1 Hoekom het Lien hierdie voorstel aan haar ma gemaak? Gee TWEE feite. (2)

4.7.2 Christien se klaviertalent het tog gelukkige oomblikke in Lien se lewe gebring. Bewys hierdie stelling deur TWEE gevalle te noem. (2)

4.8 "... haar claim to fame uit haar laerskooldae ..." (Reël 5)

Waarom is hierdie woorde vir die grootste deel van Lien se lewe in hierdie roman ironies? (1)

4.9 "Sy gooi die boek onder die bed in ..." (Reël 15–16)

ÉcoleBooks

4.9.1 Watter houding by Lien word hier gedemonstreer? (1)

4.9.2 Waarom sou hierdie houding van Lien teenoor haar skoolwerk jou bekommerd maak? (1)

4.10 Skryf die vier gebeure in Lien se lewe onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer.

A Lien se ma verskyn dronk by die skoolhek.
B Lien se pa beland in die tronk.
C Kuifie herken vir Lien toe haar pruik eendag afwaai.
D Kuifie kom kyk hoe dit met Lien-hulle gaan. (4)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


4.11 Die volgende gebeure het 'n rol in Lien se lewe gespeel. Kies die gebeure uit KOLOM B wat VOORAF plaasgevind het om by die gebeure in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (4.11.1–4.11.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.11.1 | Christien Jooste beland in die kliniek. | A | Lien besef dat sy na Tibbey sal moet omsien. |
| 4.11.2 | Hein bou vir Tibbey 'n karretjie. | B | Lien verkry die rol van Weird Maria. |
| 4.11.3 | Christien Jooste vergryp haar aan alkohol. | C | Christien Jooste steel by die winkel. |
| 4.11.4 | Lien verloor haar werk by Donovan. | D | Lien se pa beland in die tronk. |
| | | E | Sue-Ellen keer weer terug werk toe. |

(4 x 1) (4)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

ÉcoleBooks

## AFDELING B: DRAMA

Beantwoord slegs EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

### VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS I**

| | |
|---|---|
| HOEDJIE: | Die skoonmense was tevrede met Poppie ... en Stone was tevrede. |
| STONE: | *(Kniel langs Poppie, neem haar hande.)* Poppie ... as jy eendag kinders kry, dan moet jy jou meisiekinders grootmaak net soos jou ouma jou grootgemaak het ... |
| PLANK: | En Poppie het nou nie meer vir hom Stone gesê nie, maar Bhuti-ka-ntombi, uit respek ... dit het beteken bhuti van haar man se broer se dogtertjie. |
| MAMA: | En ek het vir hom gesê: Mkhwenyana ... wat beteken skoonseun ... en Plank en Hoedjie en Mosie het gesê swaer. |
| STONE: | Ons het hom nooit op sy naam gesê nie. *(Vertel aan Poppie.)* Ek het ’n erf gekry van die munisipaliteit en gaan saam met bhuti vir ons ’n eenkamerhuis van sinkplaat en planke bou. Ek gaan ’n tuintjie voor die huis maak waar ons pampoen en wortels en mielies kan plant. Aan die einde van die jaar as ek vakansie kry, sal ons plan maak om Herschel toe te gaan, waar my pa en ma woon. *(Streel haar arm.)* |

EcoleBooks

5.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

5.1.1 Die atmosfeer soos deur die uittreksel uitgebeeld, is (gespanne/ontspanne) (1)

5.1.2 Gee DRIE feite wat tot bogenoemde atmosfeer bygedra het. (3)

5.2 STONE. “dan moet jy jou meisiekinders grootmaak net soos jou ouma jou grootgemaak het.” (Reël 4–5)

Hoe het ouma Hannie vir Poppie grootgemaak? Gee TWEE feite. (2)

5.3 PLANK. “En Poppie het nou nie meer vir hom Stone gesê nie, maar Bhuti-ka-ntombi, uit respek ... ” (Reël 6–7)

5.3.1 Waarom is die woorde “uit respek” (reël 7) ironies met betrekking tot Poppie se houding teenoor haar ma se tweede man? (1)

5.3.2 Waarom was ma Lena nooit hartseer toe sy haar eerste man in die oorlog verloor het nie? (1)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



5.4 STONE. "as ek vakansie kry, sal ons plan maak om Herschel toe te gaan" (Reël 16–17).

Hoe verskil hierdie woorde met dit wat later met Poppie gebeur het? Onthou om BEIDE kante te noem. (2)

5.5 Hoe het Poppie se troue met Stone 'n negatiewe uitwerking op Poppie se gesin gehad? (1)

5.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hoedjie en Stone vertolk hier die rolle van (hoofkarakters/vertellers) in die uittreksel. (1)

5.7 Poppie se lewe is gekenmerk deur deurlopende onstabiliteit nog voordat sy met Stone getroud was.

5.7.1 Bewys hierdie stelling deur na Poppie se kinderjare te verwys. (1)

5.7.2 Waarom is Mosie egter toegelaat om in Lambertsbaai aan te bly? Gee TWEE feite. (2)

5.7.3 Hoe is Poppie-hulle fisies gedwing om Kaap toe te trek? Gee TWEE feite. (2)

5.8 Waarom stem jy saam met Stone dat hy nie saam met sy gesin getrek het nie? (1)

EcoleBooks

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS J**

| | |
|---|---|
| POPPIE: | Kyk! Die weer draai, die tafeldoek lê oor die berg! Ai, dit was 'n goeie tyd vir ons! Daai tyd was die permitstorie nie so moeilik nie. Maar toe kom die nuwe wet wat sê die paspapiere moet weg en die vrouens moet pasboekies dra. (*Verward.*) Die boekies was nog nie die grootste ding nie – almal het hulle tog gekry! Die grootste ding was die extension! Nè, Mama? |
| MAMA: | Ehwe. |
| POPPIE: | Dis die toelaat dat jy hier kan bly of kan werk. *(Sy gaan sit op vloer langs Stone en Mosie.)* |
| MAMA: | Ja, as jy nie die reg het om hier te bly nie, al het jy die boekie, dan help dit jou niks. *(Sy gaan sit op blik. Hulle sit nou in 'n halwe kring.)* En as jy na 'n nuwe werk gaan en die witmense teken jou af, dan's dit weer office toe om die pas te gaan change. Ehwe. |

5.9 5.9.1 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.9.1) neer.

Wat is die dokumente genoem wat die pasboekies voorafgegaan het?

A Permitte
B ID-boekies
C Toestemmingsboekies
D Stempelboekies (1)

ÉcoleBooks

5.9.2 Poppie was baie verlig oor die permitte wat hulle slegs vir drie maande gekry het.

Waarom voel jy dit was verstaanbaar dat Poppie so positief oor hierdie klein vergunning gevoel het? Gee TWEE feite. (2)

5.10 MAMA. "... en die witmense teken jou af." (Reël 12–13)

Bewys hoe die witmense vir Poppie vir kort rukkies gehelp het om aan te bly. Gee TWEE feite. (2)

5.11 Voel jy dis reg dat Mama vir Poppie veroordeel het omdat sy met Stone getrou het? Motiveer jou antwoord. (1)

5.12 Hoe het Bonsile nog verder tot Poppie se probleme bygedra? Gee TWEE feite. (2)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



5.13 Hoe wys Poppie dat, ten spyte van alles, haar kinders se toekoms vir haar altyd 'n prioriteit bly? (1)

5.14 Skryf die gebeure in Poppie se lewe onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer.

A Stone bou 'n tweeslaapkamerhuis in Jakkalsvlei.
B Poppie verhuis na Nyanga.
C Mbatane bou 'n sinkhuis in Elsies.
D Poppie trek na Mdantsane. (4)

5.15 Die volgende gebeure het 'n rol in Poppie se lewe gespeel. Kies die gebeure uit KOLOM B wat VOORAF plaasgevind het om by die gebeure in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (5.15.1–5.15.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 5.15.1 Poppie word 'n weduwee. | A Poppie word 'n huis en 'n skool belowe. |
| 5.15.2 Jakkie vlug Basoetoeland toe. | B 'n Polisieman word doodgeskiet. |
| 5.15.3 Vukile word doodgeskiet. | C Stone gaan by die melkfabriek werk. |
| 5.15.4 Poppie trek Mdantsane toe. | D Die "riot squad" skiet tussen die mense in. |
| | E 'n Klip word deur die kombuisvenster gegooi. |

(4 x 1) (4)
**[35]**

ÉcoleBooks

## VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS K**

HENDRIK: Of is die mense daardie kant nou beter of slimmer of ryker of wat? *(Hy dink 'n bietjie.)* Klink my hulle is gelukkiger.
NOLLIE: Sal ek hierdie een opsit?
HENDRIK: Ja, speel, jong, speel. Willem, hoor by Ma wat van 'n bietjie koffie. *(Die kind staan op en gaan in die huis in.)* En loop haal vir Emma. Sê ek soek haar hier.

Nollie is besig om die plaat op te sit, maar hy kyk besorgd op as hy hoor Emma word laat haal.

NOLLIE: Oom, ek wou nog sê ek is jammer oor Emma, Oom.
HENDRIK: Wat van Emma?
NOLLIE: Nee, ek dag sy't dalk kom sê. Sy ... sy't geval.
HENDRIK: Nee, sy't my nie 'n woord gesê nie.

Emma staan in haar kamer langs die venster, teenaan die vensterkosyn, sodat niemand haar kan sien nie, maar sodat sy alles kan hoor wat op die stoep aangaan.

6.1 Waar is die "daardie kant" waarna daar in reël 1 verwys word? (1)

6.2 "... is die mense daardie kant nou beter of slimmer of ryker ..." (Reël 1)

6.2.1 Met watter streek in Suid-Afrika vergelyk Hendrik hierdie mense waarna hy verwys? (1)

6.2.2 Gee TWEE bewyse dat die McDonalds armer as die mense aan daardie kant is. (2)

6.3 NOLLIE: "Sal ek hierdie een opsit?" (Reël 3)

6.3.1 Verduidelik die verskil tussen die atmosfeer wat Hendrik met die plate probeer skep en dié wat grootliks by die McDonalds geheers het. Onthou om ALBEI kante te noem. (2)

6.3.2 Hoe sou jy die hoofprobleem in die McDonald-gesin beskryf? (1)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



6.4 Verduidelik die effek wat hierdie probleem op die volgende gesinslede gehad het:

6.4.1 Willem (1)

6.4.2 Emma (1)

6.4.3 Katrien (1)

6.5 6.5.1 Hoe vererger die ruimte die McDonalds se probleem nog verder? Gee TWEE feite. (2)

6.5.2 Stem jy saam dat 'n mens se omgewing 'n rol kan speel by jou gemoedstoestand? Motiveer jou antwoord. (1)

6.6 HENDRIK. "Klink my hulle is gelukkiger." (Reël 2)

Waarop sinspeel Hendrik hier oor sy eie gesin? (1)

6.7 Watter raad sou jy aan Hendrik voorstel sodat elk van die volgende gesinslede meer gelukkig kan wees:

6.7.1 Katrien (1)

6.7.2 Emma (1)

6.8 HENDRIK. "Sê ek soek haar hier." (Reël 6)

ÉcoleBooks

Verduidelik die ironie wat in hierdie opdrag aan Willem opgesluit is. (1)

6.9 "... maar hy kyk besorgd op as hy hoor Emma word laat haal." (Reël 7–8)

Waarom het Nollie so besorgd opgekyk BEHALWE omdat Emma geval het? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS L**

| | |
|---|---|
| DOMINEE: | Omdat ons in sonde ontvang en gebore is, is ons horende doof en siende blind. Ons luister, maar ons hoor nie; ons kyk, maar ons sien nie. Die verlossende genade is tot ons beskikking, maar ons maak nie daarvan gebruik nie. Ons kyk dit mis. Ons stel nie daarin belang nie. Maar, liewe gemeente, ek sê vanmôre vir u – God is 'n toornige god. Hy laat nie met hom spot nie. Dié van ons wat hardkoppig sy genade en sy belofte van verlossing bly verwerp, vir ons bly daar nog net die vuur en die swael van sy toorn oor. Vir dié van ons wat kyk en nie sien nie, bly daar nog net – *(Die nar kom by die voordeur in. Hy probeer so saggies en onsigbaar moontlik al teen die muur langs insluip. Hy gaan sit in die heel agterste bank.)* Vir dié van ons wat sy verlossende genade nie wil – vir dié van ons –*(Maar die dominee het nou heeltemal sy draad verloor. Hy staan vir die nar en kyk. Die nar sit uitdrukkingloos en plegtig voor hom en uitstaar. Een gemeentelid kyk om; twee ander kyk om; nog ses of sewe kyk. Die dominee kyk na die ouderlingbank.)* |

6.10 DOMINEE. "Omdat ons in sonde ontvang en gebore is, ..." (Reël 1).

Noem EEN emosie wat die dominee met hierdie woorde wou wek. (1)

6.11 Op watter sonde sinspeel die dominee heel waarskynlik? (1)

6.12 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die atmosfeer tydens Dominee se besoek aan die McDonalds kan as (gespanne/ontspanne) beskryf word. (1)

6.13
6.13.1 Gee EEN rede waarom jy met Hendrik en Katrien sou saamstem oor hulle optrede teenoor Dominee. (1)

6.13.2 Watter positiewe element let 'n mens egter hier op in die verhouding tussen Hendrik en Katrien? (1)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



6.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.14) neer.

Die rede waarom Dominee vergeet het wat hy wou sê, is omdat ...

A hy die nar agter by die kerk sien inkom het.
B hy ’n skoot hoor afgaan het.
C hy die McDonalds by die kerk sien inkom het.
D hy Willem by die kerk sien inkom het. (1)

6.15 6.15.1 Watter traumatiese gebeurtenis volg nadat die persoon in sirkusklere by die kerk uitgejaag word? (1)

6.15.2 Waarom is hierdie persoon uit die kerk gejaag? (1)

6.15.3 Watter effek het hierdie gebeurtenis egter op die verhouding tussen Hendrik en Willem gehad? (1)

6.16 Skryf die gebeure in Katrien se lewe onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer.

A Katrien sit voor die spieël, besig om haar te grimeer.
B Katrien verdedig vir Hendrik teenoor Frans.
C Katrien staan by die wasgoeddraad en kyk hoe die trein wegraak.
D Katrien verseker vir Hendrik dat hy al een is wat sy ooit liefgehad het. (4)

6.17 Die volgende gebeure het ’n rol in die McDonalds se lewens gespeel. Kies die gebeure uit KOLOM B wat VOORAF plaasgevind het om by die gebeure in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.17.1–6.17.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.17.1 | Hendrik is as stasiemeester erg ontstel. | A | Hendrik maak ’n opmerking oor Nollie. |
| 6.17.2 | Emma vlug die veld in. | B | Die polisie jaag vir Manuel. |
| 6.17.3 | Frans verklaar sy liefde teenoor Katrien. | C | Die aankoms van die sirkustrein. |
| 6.17.4 | Willem begin weer praat. | D | Katrien is snikkend omdat Hendrik haar ontstel het. |
| | | E | Hendrik-hulle stap die skuur vir die eerste keer binne. |

(4 x 1) (4)
**[35]**

**VRAAG 7: *FIELA SE KIND – DIE DRAMA* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS M**

| | |
|---|---|
| DIKKE: | Oom sal jou niks maak nie, boet. Oom kyk sommer na jou skuitjie. |
| FIELA: | Los die kind! |
| DIKKE: | Ek sal nie aan hom raak nie, vrou. Oom vra maar net, oom is baie lief vir skuitjies. Het jy hom self gemaak? |
| BENJAMIN: | My pa het my gehelp, baas. (*Die lange en die dikke kyk vinnig na mekaar oor die "baas".*) |
| FIELA: | Hy praat agter ons aan, dit kan nie anders nie. |
| DIKKE: | Sê vir my, boet, hoe het jy hier gekom? Dink nou mooi, dan sê jy vir oom. |
| BENJAMIN: | Ek weet nie, baas. |
| DIKKE: | Ek is seker jy sal iets kan onthou as jy net hard genoeg dink, van julle huis of van jou ma. (*Pouse.*) |
| SELLING: | Julle maak die kind bang, baas. Hy ken nie ander ma nie, hy ken net Fiela. |
| LANGE: | *(Klap die boek toe en tel die inkpot op.)* Ons gaan môre terug Knysna toe. Ons sal gaan verneem van daardie ander kind. |
| | *Musiek. Doof ligte uit. Ligte op. Dieselfde toneel. Almal is besig met iets, bv. velle brei.* |
| FIELA: | *(op band):* Februarie. Maart. April. Voorwinter. Dit is of die klip wat Februarie in my gaan lê het, ligter geword het. Ek het nie meer iedere oggend wakker geword nie en gedink: Vandag is die dag wanneer hulle gaan terugkom. |
| SELLING: | Hulle sal nie meer kom nie, Fiela. Nie nou meer nie. |

EcoleBooks

7.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die atmosfeer vir die grootste deel van hierdie uittreksel, is (gespanne/ontspanne) (1)

7.2. 7.2.1 Gee 'n rede wat tot bogenoemde atmosfeer bygedra het. (1)

7.2.2 Hoe het Benjamin by Fiela beland? (1)

7.2.3 Waarom voel jy dat Fiela geensins skuldig hoef te voel dat sy Benjamin by haar gehou het nie? Gee DRIE feite as bewyse dat sy haar bes probeer het om Benjamin se biologiese ouers op te spoor. (3)

7.2.4 Hoe oud skat Fiela was Benjamin toe die sensusmanne vir die eerste keer daar opgedaag het? (1)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



7.3 7.3.1 Waarom, dink jy, was Dikke so oorvriendelik met Benjamin? (1)

7.3.2 DIKKE: "... van julle huis of van jou ma." (Reël 13)

Waar het Dikke aangeneem sou Benjamin se oorspronklike huis wees? (1)

7.4 BENJAMIN: "Ek weet nie, baas." (Reël 11)

Waarom kyk Lange en Dikke na mekaar toe Benjamin vir Dikke as "baas" aanspreek? (1)

7.5 Hoekom stem jy saam dat Benjamin hier die waarheid gepraat het? (1)

7.6 Bewys uit die uittreksel dat Benjamin gelukkig by die Komoeties was. `(1)

7.7 Verduidelik Lange se woorde: "Ons gaan verneem van daardie ander kind." (Reël 17) (1)

7.8 Wat is die "klip" (reël 21) wat in Fiela gaan lê het? (1)

7.9 Wat is die funksie van die opnoem van die maande soos in reël 20 in die uittreksel? (1)

7.10 Haal 'n sin aan wat daarop dui dat Fiela die sensusmanne enige dag verwag het. (1)

ÉcoleBooks

7.11 SELLING: "Hulle sal nie meer kom nie, Fiela. Nie nou meer nie." (Reël 24)

7.11.1 Watter emosie by Selling word deur hierdie woorde geopenbaar? (1)

7.11.2 Hoe word hierdie woorde egter later ironies? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS N**

LANGE: (*ongeduldig):* Die magistraat wil hom Vrydag in die hof sien, dis oormôre! Dit sal jou minstens twee dae te voet neem om daar te kom, en met die kind by jou nog langer!

FIELA: Nou verstaan ek baas nie. Volgens baas het hy, toe hy maar drie jaar oud was, alleen oor die berge gekom tot hier, en nou dink baas dis te ver vir hom om te loop?

LANGE: Ek het nie gesê dit *is* die kind nie, ek het gesê die magistraat wil die kind sien om die saak op te klaar.

FIELA: Ek sê net vir baas julle mors julle tyd, dis nie daardie kind nie.

LANGE: As jy dan so seker is, steek jy nie dalk vir ons iets weg nie?

FIELA: Ek het niks om weg te steek nie. Ek is gewilig om die kind Maandag op Knysna vir die magistraat en vir die bosvrou te loop wys sodat hierdie ding kan end kry.

DIKKE: (*ongeduldig):* Jy kan nie die magistraat voorsê nie. As hy gesê het Vrydag, is dit Vrydag.

FIELA: Dan ry ek saam met julle met die kar.

7.12 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.12) neer.

Die magistraat moes die Vrydag besluit of Benjamin ...

ÉcoleBooks

A Barta se kind was.
B gelukkig by die Komoeties was.
C drie jaar oud was toe hy by Fiela beland het.
D by die Van Rooyens sou aanpas. (1)

7.13 7.13.1 LANGE: "Dit sal jou minstens twee dae te voet neem." (Reël 2)

Op watter voorstel van Fiela volg bogenoemde woorde? (1)

7.13.2 Waarom dink jy het Fiela hierdie voorstel gemaak? Gee TWEE feite. (2)

7.13.3 Verduidelik hoe Lange se woorde in reël 2 van sy aanvanklike standpunt verskil oor hoe Benjamin by Fiela beland het. Onthou om BEIDE kante te noem. (2)

7.14 7.14.1 Op grond waarvan dink jy sou die magistraat dit moeilik gevind het om in die guns van Fiela te besluit? (1)

7.14.2 Wat was volgens Fiela die onregverdighede omtrent die magistraat se besluit? Gee TWEE feite. (2)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



7.15 Skryf die gebeure in Benjamin se lewe onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer.

A Kittie skryf ’n brief aan Benjamin.
B Barta erken dat sy in die hof gelieg het.
C Lukas/Benjamin konfronteer Barta oor sy identiteit.
D Lukas/Benjamin besoek Miss Weatherbury om vir Nina ’n groot guns te vra. (4)

7.16 Die volgende gebeure het ’n rol in Lukas en Fiela se lewens gespeel. Kies die gebeure uit KOLOM B wat VOORAF plaasgevind het om by die gebeure in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letters (A–E) langs die vraagnommers (7.16.1–7.16.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.16.1 | Lukas het werk by Kaliel gesoek. | A | Die magistraat het besluit dat Lukas ’n Van Rooyen is. |
| 7.16.2 | Lukas was verward oor wie hy is. | B | Benjamin beland by Fiela se agterdeur. |
| 7.16.3 | Die begin van die spanning in Fiela se lewe. | C | Benjamin verskyn met ’n skuitjie voor Lange en Dikke. |
| 7.16.4 | Lukas word vir die eerste keer van Fiela geskei. | D | Lukas besoek Miss Weatherbury vir die eerste keer. |
| | | E | Daar is nie plek vir Fiela op die perdekar nie. |

(4 x 1) (4)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

## AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die volgende kortverhale.

### VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

8.1 **"VEGVLIEËNIER VIVIAN" – Francois Geringer**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS O**

> Vivian word teruggeroep tot die hede toe haar eskaderleier se stem somber oor die oorfone kom: "Vyandige vliegtuie op die radarskerm. Styg na tienduisend meter!"
> Die hele eskader reageer soos een en die vliegtuie, gedos in hul gekamoefleerde kleure, styg sierlik die lug in, in totale harmonie.
> "Waar is hulle nou?" vra die tweede in bevel se stem. "My radarskerms is leeg!"
> Vivian se oë trek skrefies soos sy konsentreer om die vyand op te spoor, want sy weet hulle sal enige oomblik in sig kom.
> "Luitenant Maile, breek weg!" beveel kaptein Swart. Sy trek die stuurstang terug en lig die vliegtuig se neus onverwyld na bo totdat sy sowat tweeduisend meter bo haar makkers is.
> Sy sien eers die rook van 'n brandende gebou op die grond en dan vang haar oog 'n blink flits aan haar regterkant, effens hoër as haar makkers, maar laer as syself. "Hulle het van ons geweet!" hyg sy in haar mikrofoon. "Vyand op elfuur en eenduisend hoër as julle!"
> Sy sien hoe William sy vliegtuig se neus opdruk om hoogte te vermeerder.

8.1.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies

(a) Die atmosfeer soos in die uittreksel beskryf, is (gespanne/ontspanne). (1)

(b) Gee DRIE feite wat tot bogenoemde atmosfeer bygedra het. (3)

8.1.2 (a) Wat was Vivian se taak tydens hierdie operasie? (1)

(b) Vivian het verkeerd opgetree toe sy die kaptein se opdrag bevraagteken het.

Bewys dat jy met hierdie stelling saamstem. Gee TWEE feite. (2)

(c) Haal EEN sin uit die laaste 6 reëls aan wat bewys dat sy wel die opdrag uitgevoer het. (1)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



8.1.3 Hierdie uittreksel speel in die hede af. Watter tegniek gebruik die skrywer om die terugflitse vir ons aan te dui? (1)

8.1.4 (a) Hoe verskil die kaptein se houding teenoor Vivian aan die begin van die kortverhaal en teen die einde van mekaar? Onthou om ALBEI kante te noem. (2)

(b) Wat het tot die verandering in hierdie houding aanleiding gegee? Gee TWEE feite. (1)

8.1.5 Vivian was die eerste vrouevegvlieënier en is nie dadelik deur haar manlike eweknieë aanvaar nie. Verduidelik hoe hulle nogtans mekaar tydens hul opleidingsjare gehelp het. (2)

8.1.6 Skryf die gebeure rondom Vivian onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer.

A Vivian ontvang ’n eresaluut van die kaptein.
B Vivian en John besoek die Paasskou.
C Vivian raak by die etenstafel aan die slaap.
D Vivian voel ’n naarheid in haar opstoot. (4)

**EN**

ÉcoleBooks

8.2 **"DIE BALLADE VAN ROBBIE DE WEE" – Deon Meyer**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS P**

| |
|---|
| Voor ek Amersfoort toe ry, doen ek eers nog leeswerk op die Internet. 'n Nuwe wêreld gaan vir my oop. Ek herkou daaraan, verteer dit langsaam, verby Balfour, Standerton en Morgenzon. Die Hoëveld se somerskoonheid, die groen grasvlaktes, die klosse bloekom- en populierbome bied geen bekoring nie, my gemoed is swart.<br>Ek ry deur die dorp se strate, soekend, sonder plan. Anderkant die Koos du Plooy-drankwinkel en Mulhammed's Cash Store, sien ek die wit en rooi spiraal van 'n haarkapper: *Corrie Jordaan. Men's Barber.*<br>Ek word gegroet met die onderdrukte nuuskierigheid vir 'n vreemdeling. Hy is al tien jaar verby aftree-ouderdom. "Oom Corrie," sê hy en hou 'n benerige hand na my uit. In die wagarea sit twee ander, beplooide pensioenarisse. Die een het 'n koerant op sy skoot. Die plek ruik na haar-olie en soet naskeer.<br>"Ry jy net deur?"<br>"Ja," sê ek. |

8.2.1 Waarom kan hierdie besoek van Len aan Amersfoort as onaangenaam beskou word? Gee TWEE feite. (2)

8.2.2 Hoe word Len se agterdog oor Robbie se betrokkenheid by die vermiste vroue bevestig? (1)

ÉcoleBooks

8.2.3 Met watter inligting oor Robbie het Len alreeds daar aangekom? (1)

8.2.4 Hoe het Len se eie twyfelagtige karakter hom gehelp om nie maklik om die bos gelei te word nie? Beantwoord die vraag deur DRIE feite oor Len se duistere verlede as musiekpromotor te gee. (3)

8.2.5 Waarom voel jy nie juis jammer vir Len oor die dilemma waarin hy homself met Robbie bevind nie? Gee TWEE feite. (2)

8.2.6 Robbie was 'n slagoffer van sy verlede. Gee TWEE feite oor waarom jy met hierdie stelling saamstem. (2)

8.2.7 Verduidelik die eintlike rede waarom Robbie al hierdie vroue doodgemaak het. (1)

8.2.8 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Robbie kon met (sy ma/die polisie) gesels het oor wat hy as kind deurgemaak het. (1)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



8.2.9 Die volgende gebeure het ’n rol in Len en Robbie se lewens gespeel. Kies die gebeure uit KOLOM B wat VOORAF plaasgevind het om by die gebeure in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (8.2.9 (a)–8.2.9(d)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) Len wys die musiekkontrak aan Marie de Wee. | A Daar was ’n dwelmskandaal rondom een van sy sangers. |
| (b) Sasha word vermoor. | B Cybelene vertel vir Len van Robbie se musiektalent. |
| (c) Len verloor sy reputasie as ’n goeie musiekpromotor. | C Robbie skryf sy kamernommer op ’n stukkie papier neer. |
| (d) Daar word berig dat Robbie selfmoord gepleeg het. | D Len bespreek ’n vlug na Kaapstad. |
| | E Len begrawe Sasha in die veld. |

(4 x 1) (4)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

ÉcoleBooks

## AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die volgende gedigte.

## VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

### 9.1 **"PALIMPSES" – Johann de Lange**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**PALIMPSES – Johann de Lange**

Bome skryf teen die blou
kreukellose lug dinge
wat niemand verstaan nie.
Houtkappers kom met byle
en vel die bome.
Meulens saag en maal
en pulp en plet die hout.
Stil is die bome;

stil, net tot hy kletterend
met sy tikmasjien
uit selfs die fynste grein
die hele gamma van woord
en pyn ring op ring
deur hierdie oggend laat dein.

ÉcoleBooks

9.1.1 Watter inligting gee die gedig se titel vir ons? (1)

9.1.2 Waarom word die lug as kreukelloos beskryf? (1)

9.1.3 Verduidelik die vernietigingsproses van die bome soos in strofe 1 beskryf. Gee DRIE feite. (3)

9.1.4 Haal 'n voorbeeld van personifikasie uit strofe 1 aan. (1)

9.1.5 Haal 'n voorbeeld van alliterasie uit reël 7 aan. (1)

9.1.6 Die gedig is vol enjambemente. Wat sou die funksie daarvan wees? (1)

9.1.7 (a) Hoe word die stilte van die bome, nadat dit afgekap is, in die gedig beklemtoon? Gee twee feite. (2)

(b) Met watter woord in strofe 2 vorm "stil" 'n kontras? (1)

9.1.8 Hoe verskil die aksies van die houtkapper in strofe 1 en die "hy" in strofe 2 van mekaar? Onthou om ALBEI kante te noem. (2)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



9.1.9 Hoe word die woord "pyn" in reël 13 in verband met die mens gebring? (1)

9.1.10 Wat motiveer die gedig jou om te doen nadat jy dit gelees het? (1)

9.1.11 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

" ... vel die bome" (reël 5) beteken dat die bome (se bas afgetrek word/afgekap word). (1)

9.1.12 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (9.1.12) neer.

Wanneer die hout geplet word, beteken dit dat die hout ...

A gevleg word.
B in plat stroke gedruk word.
C fyngemaal word.
D gedroog word. (1)

9.1.13 Waarom was die pyn wat die bome in strofe 1 ervaar het, tog die moeite werd volgens strofe 2? (1)

**EN**

ÉcoleBooks

9.2 **"DIE NUWE KIND" – Pieter Strauss**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**DIE NUWE KIND – Peter Strauss**

Ons oë pen jou in jou spore vas:
die nuwe kind hier in ons klas.
In óns skooldrag, langs óns meneer,
jou hare volgens die reëls geskeer.

"Hector Sobukwe," hoor ons jou naam,
" 'n koningskind" – al is jy skaam.
Bedees knik jy, asof jy óns bedank
en gaan sit dan stil in jou bank.

Uit 'n Tupperware-bakkie, soos dit hoort,
eet jy pouses jou snytjies brood.
Maar eenkant, alleen, onder 'n boom
gaan staan jy dan en droom.

In die kunsklas word jou pen 'n mas,
hys jy prentjieseile uit jou ribbekas,
vaar jy weg oor wit papier
die toekoms in, nog ver van hier ...

ÉcoleBooks

9.2.1 Die titel van die gedig is: "Die nuwe kind." Wat verwag 'n mens om in 'n gedig met so 'n titel te lees? (1)

9.2.2 Verduidelik wat "pen jou in jou spore vas" in reël 1 beteken. (1)

9.2.3 Hoe word die woord "ons" gebruik om te beklemtoon dat die nuwe kind nie deur die res van die klas aanvaar word nie? Gee TWEE feite. (2)

9.2.4 Verduidelik die ironie rondom die woorde in reël 6. (1)

9.2.5 (a) Volgens die kind se voorkoms pas hy tóg in by die res van die klas. Bewys dat hierdie stelling waar is deur TWEE feite te gee. (2)

(b) Haal 'n verdere bewys uit strofe 3 aan wat by 'n skoolsituasie pas. (1)

9.2.6 Dui die progressie aan in terme van die ruimte waar die kind homself gedurende die dag bevind het. (1)

9.2.7 Haal EEN woord uit strofe 4 aan wat met 'n skip verband hou. (1)

Kopiereg voorbehou 

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



9.2.8 (a) Waarom gebruik die digter die woord "ribbekas" in reël 14? (1)

(b) Hoe dink jy, waarvan droom hierdie kind? (1)

9.2.9 Wat sou die funksie van die ellips in reël 16 wees? (1)

9.2.10 Kies die begrip in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letters (A–D) langs die vraagnommers (9.2.10.(a)–9.2.10.(d)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) Die woord "maar" in reël 11. | A assonansie |
| (b) Die woord "bedees" in reël 7 word opsetlik vooraan geplaas. | B enjambement |
| (c) "gaan staan ..." in reël 12. | C inversie |
| (d) Reël 11 loop oor na reël 12 sonder enige ruspunt. | D wending |
| | E tema |

(4 x 1) (4)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**

**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou